## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**

**ACIM: Weer in November**

* <u>DANKIE</u> vir elkeen se Gee en Omgee

Lente ETE — Saterdag 23 Nov '19

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

**Boekgroep**
**Maandag: 7 Oktober 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel____________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

**SnapScan**
Download APP
vir jou foon.

Installeer en
gebruik met
veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 29 September 2019

## THE GIVENESS OF LIFE

## ~ GETUIE ~

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Laudate Dominum — Mozart ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ek is. Ek dink. Ek wil.
My hande ... My gees ... My lug ... Hierdie aarde van my ...
Wat meer moet ek nog sê? Dit is die woorde. Dit is die antwoord.
Ek staan hier op die top van die berg,
ek lig my kop op en ek sprei arms uit.
Dit, my liggaam en gees, dit is die einde van die soektog.
Ek wou die betekenis van dinge weet. Ek is die betekenis.
Ek het gewens om die toestemming te vind om te wees.
Ek hoef geen toestemming te hê nie,
en geen woord van waarborg om te wees nie.
Ek is die waarborg en die toestemming.
Dit is my oë wat sien, en die aanskouing van my oë
verleen skoonheid aan die aarde.
Dit is my ore wat luister,
en die gehoor van my ore gee die wêreld sy lied.
Dit is my gedagtes wat dink, en die betekenis van my gedagtes
is die enigste soeklig wat die waarheid kan vind.
Dit is my wil wat kies, en die keuse van my wil
is die enigste edik wat ek moet respekteer.

— Ayn Rand, 'Anthem'

# — Geloof, Gebooie, Gebed, Genade, Getuie —

"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my **GETUIES** wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." — **Handelinge 1:8**

==============================================================

Dis 'n opdrag oor getuienis wees, **μάρτυρες (martures)** wat beteken — **bly getrou ongeag, nieteenstaande, desondanks die omstandighede en te kan getuig van iets wat jy eersterangs ervaar het, weet en ken**

***1. GETUIES SÊ: ONS DOEN DIT IN/MET/DEUR DIE KRAG VAN GOD*** — dis nie bonatuurlike krag nie maar 'n krag wat deur jou beweeg om balans te vind tussen gedagtes, hart, en lyf; dis 'n krag van onderskeidingsvermoë en perspektief te vind; dis 'n krag om ego-denke te versoen met siel-denke en 'n krag om te onthou: **ons is asem van God (Gen 2:7) — ons is 'n refleksie van God as LIG, geskape as weerspieëling van God as LEWE, beeld van God as LIEFDE** — ***The WITNESS of CONSCIOUSNESS***

***2. WIE MOET GETUIG?*** — *"JULLE"*, nie iemand anders nie maar almal wat bely dat Jesus vir jou die muse, inspirasie, en motivering is van jou geloof, hoop, en liefde. Almal is geroep — ***The WITNESS of AWARENESS***

***3. WAARVAN MOET ONS GETUIG?*** — *"julle sal MY"*, dit sê iets van 'n baie persoonlike verhouding; meer as VIR maar **VAN** Jesus; nie godsdiens of 'n gedragskode (moraliteit) nie maar Liefde — ***The WITNESS of PRESENCE***

***4. HOE MOET ONS GETUIG?*** — *"julle sal my getuies WEES"*, in ons eet en leef, ons slaap en luister, ons werk en huis — ***The WITNESS of AWAKENING***

***5. WAAR MOET ONS GETUIG?*** — *"Jerusalem, Judea, Samaria, en uithoeke van die aarde"*, hulle wat ons ken; eendersdenkes, andersdenkendes, elke vreemdeling op ons pad — ***The WITNESS of REBIRTH***

==============================================================

[1]"Laat jul lig so voor die mense skyn, dat hul jul goeie werke kan sien en jul Vader wat in die hemel is, verheerlik." **(Matt 5:16)**, [2]"Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur." **(2 Kor 2:14)**, [3]"Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien." **(Job 42:5)**, [4]"Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie." **(Hand 4:20)**, [5]"Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe." **(Rom 12:2)**



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ JOY (BACH) — GEORGE WINSTON ~

---

God is lig, die mees Hoogste — die Onbeskryflike,
God kan nie begryp word met die verstand
of met gesproke lippe nie,
God is die Gewer van Lewe van elke vorm van lewe.
God is die wêreld van spirituele intellek;
wat die son is vir ons sonnestelsel, is Hy vir ons as planete
Hy sal die Goddelike laat weerkaats in ons gedagtes . . .
tot so 'n mate dat ons daardeur geheilig en gereinig word.

— Gregorius van Nicea (350CE) —

Verder, broers (susters), alles wat waar is, alles wat edel is,
alles wat reg is, alles wat rein is,
alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is
— watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees —
daarop moet julle jul gedagtes rig.
En wat julle van my geleer en ontvang het,
en gehoor en gesien het,
dit moet julle doen.
En God wat vrede gee, sal by julle wees.

— Filippense 3:8-9 —

---

## Be the Awareness of the Presence of God

~ ODE II JOY (BEETHOVEN) — OPERA BABES ~